

Guiding the leaders of tomorrow

▶ 2024

Hoërskool Olimpiade voorbereidings studiegids

Graad 11

EKONOMIE

**VORIGE VRAESTEL EN MEMO
RONDE EEN EN TWEE
2021 * 2022 * 2023**



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA
Denkleiers • Leading Minds • Dikgopolo tša Dihlalefi

NELSON MANDELA
UNIVERSITY



UNIVERSITY OF THE FREE STATE
UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT
YUNIBESITHI YA FREISTATA

WSU
Walter Sisulu University
In pursuit of excellence



FASSET
Make the future count



DUT
DURBAN UNIVERSITY OF TECHNOLOGY
INYUVESI YASETHEKWINI YEZOBUCHWEPHESHE
Creative. Distinctive. Impactful.

PC Training
& BUSINESS COLLEGE
EST 1990

NELSON MANDELA

UNIVERSITY



Change the World by applying for a qualification in one of the following study fields:

Accounting • Advertising • Afrikaans • Agricultural Management • Analytical Chemistry • Anthropology • Applied Design • Applied Mathematics • Architectural Technology • Architecture • Art • Auditing • Biochemistry • Biokinetics • Botany • Broadcasting • Building • Business Management • Business Studies • Ceramic Design • Chemistry • Civil Engineering • Clinical Psychology • Computer Science • Communication Networks (IT) • Conservation Biology • Construction Economics • Construction Management • Construction Studies • Counselling Psychology • Chemical Process Technology • Development Studies • Dietetics • Economics • Ecology • Education • Electrical Engineering • English • Environmental Health • Environmental Management • Emergency Medical Care (Paramedic) • Fashion • Financial Accounting • Financial Planning • Fine Art • Foundation Phase Teaching • Forestry • French • FET Teaching • Game Ranch Management • Geography • Geology • Graphic Design • History • Hospitality Management • Human Movement Science • Human Resource Management • Human Settlement Development • Industrial Psychology • Industrial Engineering • Information Systems • Information Technology • Inorganic Chemistry • Interior Design • Internal Auditing • Inventory Management • Intermediate Phase Teaching • isiXhosa • Journalism • Language & Literature • Law • Logistics • Management • Marine Biology • Marine Engineering • Marketing • Mathematics • Mechanical Engineering • Mechatronics • Media, Communication & Culture • Microbiology • Music • Medical Laboratory Science • Medicine & Surgery • Nature Conservation • Nursing • Operations Management • Painting • Pharmacy • Philosophy • Physiology • Photography • Physics • Political Studies • Polymer Technology • Psychology • Public Administration • Public Management • Public Relations Management • Quality Management • Quantity Surveying • Radiography (Diagnostic) • Restoration Ecology • Renewable Energy • Sculpture • Senior Phase Teaching • Social Work • Sociology • Software Development • Sport Management • Sport Science • Statistics • Support Services (IT) • Taxation • Textile Design & Technology • Tourism • Transport Economics • User Support Services (IT) • Visual Arts • Wood Technology • Zoology



Change the World

E info@mandela.ac.za

T 041 504 1111

myfuture.mandela.ac.za



EKONOMIE

GRAAD 11

Olimpiade Vraestel

Ronde Een

Punte: 30

Tyd: 1 uur

Datum: 12 Mei 2021

Instruksies

1. Vul antwoorde in op die ANTWOORDBLAD.
2. Onthou om jou persoonlike inligting volledig in te vul op die ANTWOORDBLAD.
3. Die ANTWOORDBLAD het 4 afdelings, maak seker dat jy die korrekte vak kies.
4. Elke vraag het 4 moontlike antwoorde (A B C D)
Slegs een antwoord is korrek.
Kleur die antwoord sirkel volledig in.
5. Sterkte!



PROVERTO EMS OLIMPIADE 2021 – GRAAD 11

EKONOMIE

RONDE 1

PRODUKSIEFAKTORE

1. Die produksiefaktore wat inherent deel van die mens is, is:
 - A kapitaal en ondernemerskap.
 - B grond, arbeid en kapitaal.
 - C arbeid en ondernemerskap.
 - D grond, kapitaal en ondernemerskap.

2. Mielies wat geplant word vir gebruik, kan die beste beskryf word as 'n _____ hulpbron.
 - A hernubare
 - B nie-volhoubare
 - C nie-hernubare
 - D verbruikte

3. Die geld wat betaal word aan 'n haarkapper vir die sny van jou hare word beskou as deel van _____.
 - A wins
 - B lone
 - C huur
 - D rente

4. Watter een van die volgende is nie waar met betrekking tot natuurlike hulpbronne as produksiefaktor nie?
 - A Grond en natuurlike hulpbronne is 'n vrye geskenk van die natuur.
 - B Die vraag na grond is vas in terme van kwantiteit.
 - C Grond is nie fisies mobiel nie.
 - D Natuurlike hulpbronne kan vir alternatiewe gebruike aangewend word.

5. Watter een van die volgende sal 'n toename in die vraag na arbeid van fabriekswerkers tot gevolg hê?
 - A Vakbondaksies lei tot 'n verhoging in die uurloon van fabriekswerkers.
 - B Die vraag na die vervaardigde produk neem af.
 - C Die insetkoste van kapitaalmasjinerie wat in die produksieproses gebruik word, styg.
 - D Die mark word deur een werkgewer oorheers.




DURBAN UNIVERSITY OF TECHNOLOGY
INYUVESI YASETHEKWINI YEZOBUCHWEPHESHE

2025

Applications to Study @DUT

Open



**Apply today via the
Central Applications Office (CAO):**

WWW.CAO.AC.ZA

For more information on our programmes visit: www.dut.ac.za

DurbanUniversityOfTechnology @DUT_Tweets @DUTCampusTV @DUT_Official1
 @DUT_Official Durban University Of Technology

ENVISION2030


transparency • honesty • integrity • respect • accountability
fairness • professionalism • commitment • compassion • excellence

CREATIVE. DISTINCTIVE. IMPACTFUL.

6. Watter een van die volgende is nie 'n rede waarom vroulike arbeiders se deelname aan die ekonomie bepleit moet word nie?
- A Sosiale norme en gebruike skep geslagstereotipes wat diep gewortel is in die samelewings as geheel.
 - B 'n Toename in die vraag na sekere goedere en dienste wat meer produktief deur vroue geproduseer word.
 - C Geslagsgebaseerde arbeidsverdeling beskou vroue as hoofsaaklik verantwoordelik vir huishoudelike en versorgingswerk, in teenstelling met ander soorte arbeid.
 - D Wettige beperkings en ongelyke magstrukture belemmer vroue se ekonomiese geleenthede.
7. Watter een van die volgende verwys nie na kapitaalvorming nie?
- A Bou 'n nuwe fabriek.
 - B Aanbouing aan 'n bestaande fabriek.
 - C Die aankoop van 'n tweedehandse afleweringvoertuig.
 - D Die aankoop van nuwe kantoortoerusting soos rekenaars en drukkers.
8. Watter EEN van die volgende faktore is NIE WAAR ten opsigte van werkers in die ekonomie nie?
- A Manlike werkers word wetlik daarvan beperk om dieselfde keuse van werk as vrouens te hê.
 - B Vroulike werkers is meer geneig om werkloos te wees as mans.
 - C Vroulike werkers word minder betaal as mans.
 - D Vroulike werkers word onderverteenwoordig in bestuursposisies.

DIE VERBUIK VAN EKONOMIESE GOEDERE EN DIENSTE

9. Watter een van die volgende is 'n voorbeeld van duursame verbruikersgoed?



10. Die volgende beïnvloed kapitaalvorming:
- (i) Vermindering in die waarde van kapitaalgoedere weens slytasie en veroudering.
 - (ii) Besteding aan grondverbeterings.
 - (iii) Die konstruksie van paaie en spoorweë.
 - (iv) Bou van nuwe kommersiële en industriële geboue.

Watter kombinasie is korrek?

- A (i), (ii) en (iii)
- B (ii), (iii) en (iv)
- C (iii) en (iv)
- D (i) en (ii)

11. Huishoudings se finale verbruiksbesteding teen reële pryse dui op die besteding deur huishoudings aan finale goedere en dienste teen:
- A huidige volumes vermenigvuldig met huidige pryse.
 - B konstante volumes vermenigvuldig met basispryse.
 - C huidige volumes vermenigvuldig met basispryse.
 - D konstante volumes vermenigvuldig met huidige pryse.
12. Om die Bruto Nasionale Produk te herlei na die Netto Nasionale Produk moet jy:
- A waardevermindering aftrek.
 - B indirekte belasting bytel.
 - C subsidies aftrek.
 - D inflasie bytel.
13. Die BBP per capita van Land X het met R200 toegeneem. Die lewensgehalte van die inwoners van Land X het egter nie verbeter nie. Die moontlike rede vir hierdie verskynsel is dat:
- A welvaart van die gemeenskap gemeet word en nie die inkomste van die individuele inwoners nie.
 - B dit die gemiddelde BBP meet oor twaalf opeenvolgende maande.
 - C dit nie die kwaliteit van die produkte wat in Land X geproduseer word, meet nie.
 - D die welvaart berekening slegs elke paar jaar gemeet word en dus nie vergelykbaar is nie.
14. Watter van die volgende word ingesluit by huishoudings se finale verbruiksuitgawes?
- (i) Alle goedere en dienste wat vir finale verbruik deur huishoudings gekoop word.
 - (ii) Alle goedere wat geproduseer word vir eie verbruik deur huishoudings.
 - (iii) Huishoudelike dienste vervaardig vir eie verbruik deur betaalde personeel soos bediendes, kokke, tuiniers, chauffeurs in diens te neem.
 - (iv) Alle goedere en dienste wat huishoudings ontvang as betaling in natura van produsente.
 - (v) Betaling aan regeringseenhede om verskillende soorte lisensies, permitte, sertifikate en paspoorte te bekom.
- A (i), (iii) en (iv)
 - B (i), (ii), (iii) en (v)
 - C (iii), (iv) en (v)
 - D (i), (ii), (iii), (iv) en (v)
15. Die uitgawes deur die regering aan straatbeligting sal geklassifiseer word as:
- A algemene openbare dienste.
 - B beskermingsdienste.
 - C maatskaplike dienste.
 - D ekonomiese dienste.
16. Om die Bruto Binnelandse Produk vanaf die Bruto Binnelandse Besteding te bereken, moet jy die volgende doen:
- A trek die uitvoer van goedere en dienste af, en voeg die invoer van goedere en dienste by.
 - B voeg die uitvoer van goedere en dienste by, en trek die invoer van goedere en dienste af.
 - C voeg die uitvoer van goedere en dienste by, en voeg die invoer van goedere en dienste by.
 - D trek die uitvoer van goedere en dienste af, en trek die invoer van goedere en dienste af.

17. Die nasionale inkomesyfers teen nominale pryse is 'n aanduiding van:
- A die bedrag wat die verbruiker teen die basisjaarpryse van die produsent sal ontvang.
 - B die koste van produksiefaktore bereken om dit vir inflasie aan te pas.
 - C die totale inkomste wat 'n land toeval a.g.v. ekonomiese aktiwiteite teen huidige pryse binne 'n jaar.
 - D die koste van die verkoop van goedere en dienste op die mark, insluitend belasting op toegevoegde waarde.

18. Watter een van die volgende is korrek?

- A As $BBP < BBB$, dan $X > M$.
- B As $BBP > BBB$, dan is $X > M$.
- C As $BBB = BBP$, dan is $M < X$.
- D As $BBB > BBP$, dan is $M = X$.

19. Die onderstaande opsomming toon die relatiewe bydrae (in konstante pryse) van vier provinsies tot Suid-Afrika se BBP teen einde 2018, gerangskik van die grootste bydrae tot die kleinste bydrae.

- | | |
|-----------------|--------|
| • Gauteng | 34,94% |
| • KwaZulu-Natal | 16,04% |
| • Wes-Kaap | 13,86% |
| • Oos-Kaap | 7,51% |

Bron: <https://www.southafricanmi.com/contribution-of-provinces-to-south-africa-gdp-9mar2020.html>

Wat is die bes moontlike rede waarom KwaZulu-Natal meer tot die Suid-Afrikaanse BBP bydra as die Wes-Kaap?

- A KwaZulu-Natal fokus minder op toerisme en meer op die nywerheidssektor as die Wes-Kaap.
- B KwaZulu-Natal fokus op 'n meer diverse landbousektor as die Wes-Kaap.
- C KwaZulu-Natal is kleiner as die Wes-Kaap en dus digbevolk.
- D KwaZulu-Natal het 'n meer beduidende hawe-infrastruktuur as die Wes-Kaap.

EKONOMIESE STELSLS

20. As die owerheid reëls en regulasies gebruik ten einde die markkragte van vraag en aanbod te manipuleer, kan die ekonomiese stelsel van die land die beste beskryf word as 'n:

- A vryemark ekonomie.
- B tradisionele ekonomie.
- C gemengde ekonomie.
- D sosialistiese ekonomie.

21. Watter een van die volgende is ONWAAR met betrekking tot die vryemarkeconomie?

- A Ondernemings is doeltreffer as gevolg van mededinging; 'n onderneming is geneig om alles te doen wat nodig is om die koste te verlaag en 'n hoër verkope te behaal om wins te verhoog.
- B Lone, produksievlakke, pryse en beleggings word deur die regering bepaal om sosiale en ekonomiese stabiliteit te handhaaf.
- C Mededinging lei gewoonlik tot beter gehalte produkte vir verbruikers teen laer pryse, want ondernemings moet uitvind hoe om klante te lok.
- D Met geld as die belangrikste motiverende faktor vir ondernemings en individue, wil hulle nuwe produkte en tegnologieë skep om hoër inkomste te genereer.

22. Dis moeilik om 'n ware voorbeeld van 'n vryemarkeconomie in die moderne wêreld te vind aangesien die regering:
- A belasting hef.
 - B ekonomiese aktiwiteite reguleer.
 - C sowel 'n verbruiker as 'n produsent is.
 - D in beheer van fiskale beleid is.
23. Watter een van die volgende ekonomieë kan beskou word as die beste voorbeeld van 'n sentraal-beplande ekonomie?
- A Suid-Afrika
 - B Die Europese Unie
 - C Noord-Korea
 - D Algerië
24. Wat dryf 'n sentraal-beplande ekonomie aan?
- A Die wet van vraag en aanbod dryf produksie en arbeid.
 - B Prysvoere en prysplafonne soos aangepas deur die regering.
 - C Die regering het 'n raamwerk vasgestel met betrekking tot inkomste, uitgawes en produksie.
 - D Morele oortuiging eerder as winsmotief dryf produksie.
25. Die onderskeid tussen 'n gemengde ekonomie en 'n sentraal-beplande ekonomie is hoofsaaklik gesetel in:
- A vraag en aanbod.
 - B privaatbesit van grond.
 - C regulasies ten opsigte van produksie.
 - D geen of minimum belasting.

DIE EKONOMIESE STRUKTUUR VAN SUID-AFRIKA

26. Verskeie ontwikkelende lande se ekonomieë kan beskryf word as dualisties van aard. Dit beteken dat die ekonomie verdeel is in:
- A 'n vervaardigingsektor wat fokus op plaaslike markte en 'n arbeidsintensiewe primêre sektor wat fokus op bestaansboerdery.
 - B 'n mikro-ekonomie wat fokus op individuele deelnemers aan die ekonomie en 'n makro-ekonomie wat fokus op ekonomiese groothede.
 - C twee sektore wat onderskei word op grond van winsmotief en produktiwiteitsvlakke.
 - D twee sektore waar verdeling op grond van geskoolde en ongeskoolde arbeid berus.
27. Margaret Bonolo plant genoeg mielies vir haar gesin se gebruik. Watter een van die volgende beskryf nie haar situasie nie?
- A Bestaansproduksie.
 - B Winsaansporing.
 - C Geleenthede vir handel.
 - D Lae inkome elasticiteit van vraag.

28. 'n Suid-Afrikaanse farmaseutiese maatskappy het 'n geneesmiddel vir Covid-19 ontdek. Die raad besluit om die produksie van hierdie middel te verdubbel en die uitvoer daarvan te verhoog. Wat is die mees waarskynlike rede vir hierdie besluit?
- A Om meer produktief te wees en die aanbod te verhoog.
 - B Om meer entrepreneursvergoeding te verdien.
 - C Om die vraag na hierdie produkte te verminder.
 - D Om die sosiale welstand van die gemeenskap te bevorder.
29. Honderdduisende goed-betalende vervaardigingswerkgeleenthede het die afgelope drie dekades verlore gegaan toe produksiewerkgeleenthede na goedkoper gebiede in China en elders migreer het. Hierdie afname in die aantal werkseleenthede staan bekend as _____ werkloosheid.
- A strukturele
 - B seisoenale
 - C sikliese
 - D afgeleide
30. Watter een van die volgende werkers vind u in die sekondêre sektor?

			
A	B	C	D

EKONOMIE

GRAAD 11

Olimpiade Vraestel

Ronde Een

Punte: 30

Tyd: 1 uur

Datum: 11 Mei 2022

Instruksies

1. Vul antwoorde in op die ANTWOORDBLAD.
2. Onthou om jou persoonlike inligting volledig in te vul op die ANTWOORDBLAD.
3. Die ANTWOORDBLAD het 4 afdelings, maak seker dat jy die korrekte vak kies.
4. Elke vraag het 4 moontlike antwoorde (A B C D)
Slegs een antwoord is korrek.
Kleur die antwoord sirkel volledig in.
5. Sterkte!



FAKTORE VAN PRODUKSIE


Abel het 'n onderneming begin. Hy het 6 werkers in diens wat die tuine van mense in sy gemeenskap skoonmaak. Beantwoord vrae 1 en 2 wat hiermee verband hou.

1. Abel het twee grassnyers gekoop om in sy besigheid te gebruik. As watter produksiefaktor sal jy die grassnyers klassifiseer?
 - A Grond
 - B Arbeid
 - C Kapitaal
 - D Entrepreneurskap
2. Wat sal die vergoeding wat Abel ontvang genoem word?
 - A Huur
 - B Lone
 - C Rente
 - D Wins
3. Die volgende hou verband met hulpbronne wat gebruik word in die vervaardiging van goedere en dienste. Watter een van die volgende is nie van kardinale belang in die ekonomie nie?
 - A Die manier waarop hulpbronne gebruik word.
 - B Die plek waar hulpbronne gebruik word.
 - C Die rede waarom hulpbronne gebruik word.
 - D Wie die uitset van die hulpbronne wat gebruik word sal kry.
4. Die vraag na natuurlike hulpbronne hang af van die:
 - A prys van die natuurlike hulpbron plus die loon van die arbeid wat gebruik word.
 - B uitset wat met die natuurlike hulpbron geproduseer kan word.
 - C aanbod van die natuurlike hulpbron.
 - D ewewigsprys betaal vir die natuurlike hulpbron.
5. Land Z ervaar 'n toename in die vraag na lemoene. Watter een van die volgende sal nie 'n gevolg daarvan wees nie?
 - A 'n Afname in die getal lemoenplukkers in diens.
 - B 'n Toename in die waarde van die marginale produk van lemoenplukkers.
 - C 'n Toename in die prys van lemoene.
 - D 'n Toename in die loon van lemoenplukkers.
6. 'n Verhoging in die prys van motorvoertuie verskuif die vraagkurwe na fabriekswerkers in die motorsektor na:
 - A links en verminder die loon.
 - B regs en verminder die loon.
 - C regs en verhoog die loon.
 - D links en verhoog die loon.

7. Ekonomie maak voorsiening vir die *verbruik van kapitaalgoedere* deur middel van:
- A kompromis-ruil (trade-off).
 - B depresiasie.
 - C kapitaalverdieping.
 - D kapitaalverbreeding.
8. Watter produksiefaktore word inherent deur mense besit?
- A Grond en arbeid.
 - B Arbeid en kapitaal.
 - C Kapitaal en entrepreneurskap.
 - D Arbeid en entrepreneurskap.
9. Die produksieproses verwys na stappe wat betrokke is by die transformasie van faktorinsette in:
- A goedere en dienste.
 - B faktorvergoeding.
 - C produksiefaktore.
 - D hulpbronne.

DIE GEBRUIK VAN EKONOMIESE GOEDERE EN DIENSTE

10. Finale verbruik deur huishoudings verwys na besteding deur individue op:
- A finale en intermediêre goedere en dienste vir verbruik.
 - B finale goedere en dienste vir verbruik in teenstelling met voorsiening vir die toekoms.
 - C finale goedere en dienste vir verbruik sowel as voorsiening vir die toekoms.
 - D intermediêre goedere en dienste vir verbruik.
11. Watter een van die volgende is 'n voorbeeld van 'n nie-duursame verbruikersgoedere?



12. Finale verbruiksbesteding deur huishoudings geklassifiseer volgens tipe aktiwiteit word bereken as die totale verbruik op/deur:
- A die primêre sektor, plus die sekondêre sektor, plus die tersiêre sektor.
 - B duursame goedere, plus semi-duursame goedere, plus nie-duursame goedere, plus dienste.
 - C die primêre sektor, plus die sekondêre sektor, plus die tersiêre sektor, minus die buitelandse sektor.
 - D duursame goedere, plus semi-duursame goedere, plus nie-duursame goedere, minus dienste.

13. Bruto vaste kapitaalvorming sluit alles behalwe een van die volgende in:



14. Finale verbruiksbesteding deur huishoudings teen NOMINALE pryse dui op besteding deur huishoudings op finale goedere en dienste teen:

- A huidige volumes vermenigvuldig met basispryse.
- B konstante volumes vermenigvuldig met basispryse.
- C huidige volumes vermenigvuldig met huidige pryse.
- D konstante volumes vermenigvuldig met huidige pryse.

15. Die verskil tussen bruto kapitaalvorming en netto kapitaalvorming is te danke aan:

- A depresiasie.
- B appresiasie.
- C revaluasie.
- D devaluasie.

16. Die BBP word bereken as:

- A $C + I + G$
- B $C + I + G + (X + M)$
- C $C + I + G + (X - M)$
- D $C + I + G + (M - X)$

17. Die regering bestee geld daaraan om die COVID-19-inenting gratis aan alle burgers te verskaf. Dit word geklassifiseer as:

- A algemene openbare dienste.
- B beskermingsdienste.
- C maatskaplike dienste.
- D ekonomiese dienste.

18. Watter een van die volgende is verkeerd?

- A $BBP > GDE$ dan $X > M$
- B $BBP < GDE$ dan $X < M$
- C $BBP = GDE$ dan $X = M$
- D $BBP \geq GDE$ dan $X \leq M$

19. Basiese pryse word omgeskakel na markpryse deur:

- A belasting op produkte by te voeg en subsidies op produkte af te trek.
- B belasting op produkte af te trek en subsidies op produkte by te voeg.
- C die belasting op produkte by te voeg en subsidies op produkte by te voeg.
- D die belasting op produkte af te trek en subsidies op produkte af te trek.

EKONOMIESE STELSELS

20. In Land Y mag individue besighede besit. Sommige ondernemings word deur die staat besit en die meeste maatskaplike dienste word deur die staat gelewer. Die ekonomiese stelsel van Land Y kan die beste beskryf word as 'n:

- A bevelseksonomie.
- B kommunistiese ekonomie.
- C gemengde ekonomie.
- D markeksonomie.

21. Die sogenaamde onsigbare hand bepaal pryse in 'n ____ ekonomie.

- A bevels
- B kommunistiese
- C gemengde
- D mark

22. Die burgers van Land Y ontvang gratis mediese dienste by openbare hospitale. Hulle kan egter kies om na private hospitale te gaan en vir hierdie dienste te betaal. Die ekonomiese stelsel van Land Y kan die beste beskryf word as 'n:

- A bevelseksonomie.
- B kommunistiese ekonomie.
- C gemengde ekonomie.
- D markeksonomie.

23. Watter een van die volgende sal waarskynlik 'n uitwerking hê op die prys en kwaliteit van goedere in 'n markeksonomie?

- A Regeringsregulasies en die volume van internasionale handel.
- B Mededinging asook vraag en aanbod.
- C Produksiemoontlikheid en begrotingsbeperkings.
- D Tariewe en handelshindernisse.

24. Watter vrae word gevra wanneer die verskillende ekonomiese stelsels bestudeer word?

- A Wat om te produseer, waarom om te produseer en wanneer om te produseer?
- B Wat word geproduseer, hoe word dit geproduseer en vir wie word dit geproduseer?
- C Wat is die geleentheidskoste, watter ekonomiese hulpbronne is nodig en waarom moet hierdie hulpbronne gebruik word?
- D Wat is die geleentheidskoste, waarom is ekonomiese hulpbronne nodig en wanneer moet hierdie hulpbronne gebruik word?

25. Daar is 100 televisies te koop en 150 mense wil dit koop. Dit is 'n tipiese probleem van die:

- A markstelsel waar markkragte sal bepaal wie hierdie televisies kan koop.
- B bevelstelsel waar die regering sal aandui wie toegelaat sal word om hierdie televisies te koop.
- C gemengde stelsel waar 'n spel van kans sal besluit wie kry televisies.
- D markstelsel aangesien televisies skaars goedere is en die behoefte daarvoor groter is as die aanbod.

26. Die aantal goedere en dienste wat 'n huishouding in 'n vryemarkstelsel kan koop, word bepaal deur die huishouding se:

- A inkomste.
- B inkomste en welvaart.
- C rykdom.
- D loon- en rente-inkomste.

DIE EKONOMIESE STRUKTUUR VAN SUID-AFRIKA

27. Die ekonomiese struktuur verwys na:

- A hoe die vrae oor wat, hoe en vir wie om te produseer, beantwoord word.
- B die organisering van die ekonomie met betrekking tot die primêre, sekondêre en tersiêre sektore.
- C die insluiting van die internasionale sektor met betrekking tot invoere en uitvoere.
- D die aantal goedere en dienste wat deur formele en informele ondernemings geproduseer word.

28. Die tersiêre sektor sluit in:


- A polisiëring en mynbou.
- B onderrig en boerdery.
- C visvang en bouery.
- D bankiers en rekenmeesters.

29. I&J vang vis in die diepsee op vissersbote wat spesiaal vir hulle gebou word. Hierdie vissersbote gebruik 'n navigasiestelsel wat vanaf hawens regoor Suid-Afrika beheer word. Die ekonomiese sektore wat in hierdie scenario beskryf word, in volgorde, is:

- A primêr, sekondêr en tersiêr.
- B primêre, tersiêre en sekondêre.
- C sekondêr, tersiêre en tersiêre.
- D sekondêr, primêr en tersiêr.

30. Die volgende inligting is op www.StatsSA.co.za verkry. Beantwoord vraag 30.

Kwartaal / Kwartaal-groei in Kwartaal 1: 2019 (seisoenaal aangepas en geannualiseer).



Wat beteken die opskrif *Kwartaal / Kwartaal-groei in Kwartaal 1: 2019*?

- A Kwartaal 1 van 2019 word vergelyk met Kwartaal 1 van 2018.
- B Kwartaal 1 van 2018 word van Kwartaal 1 van 2019 afgetrek.
- C Die syfers van Kwartaal 1 van 2018 word aangepas tot by die syfers van Kwartaal 1 van 2019.
- D Die syfers van Kwartaal 1 van 2019 word aangepas tot by die syfers van Kwartaal 1 van 2018.

EKONOMIE

GRAAD 11

Olimpiade Vraestel

Ronde Een

Punte: 30

Tyd: 1 uur

Datum: 10 Mei 2023

Instruksies

1. Vul antwoorde in op die ANTWOORDBLAD.
2. Onthou om jou persoonlike inligting volledig in te vul op die ANTWOORDBLAD.
3. Die ANTWOORDBLAD het 4 afdelings, maak seker dat jy die korrekte vak kies.
4. Elke vraag het 4 moontlike antwoorde (A B C D)
Slegs een antwoord is korrek.
Kleur die antwoord sirkel volledig in.
5. Sterkte!



DIE PRODUKSIEFAKTORE

1. Watter van die volgende is nie 'n produksiefaktor nie?
 - A Grond
 - B Arbeid
 - C Kapitaal
 - D Wins

2. Watter van die volgende beskryf die konsep van kapitaal die beste as 'n produksiefaktor?
 - A Natuurlike hulpbronne soos olie, gas en hout.
 - B Die werk wat mense doen om goedere en dienste te produseer.
 - C Die gereedskap, masjinerie en toerusting wat gebruik word om goedere en dienste te vervaardig.
 - D Die geld wat gebruik word om werkers te betaal en materiaal vir produksie te koop.

3. 'n Maatskappy neem 'n nuwe produksiebestuurder in diens. Watter produksiefaktor het toegeneem?
 - A Arbeid
 - B Salarisse
 - C Entrepreneurskap
 - D Kapitaal

4. As 'n besigheidseienaar die uitset van hul fabriek op die korttermyn wil verhoog, op watter produksiefaktor moet hulle fokus?
 - A Grond
 - B Arbeid
 - C Kapitaal
 - D Entrepreneurskap

5. Watter impak het 'n toename in arbeidskoste op 'n maatskappy se produksiekoste?
 - A Dit sal die prys van die finale produk verhoog.
 - B Dit sal die prys van die finale produk verlaag.
 - C Dit sal geen effek hê op die prys van die finale produk nie.
 - D Dit hang af of daar alternatiewe produksiefaktore is wat deur arbeid vervang kan word.

6. Watter van die volgende sou 'n voorbeeld van kapitaal as produksiefaktor wees?
- A 'n Boer wat sy eie arbeid gebruik om gewasse te plant en te oes.
 - B 'n Konstruksiemaatskappy wat stootskrapers gebruik om 'n stuk grond vir 'n nuwe gebou skoon te maak.
 - C 'n Sagteware-ontwikkelaar wat sy of haar kennis en vaardighede gebruik om 'n nuwe program te skryf.
 - D 'n Skrywer wat 'n rekenaar gebruik om 'n boek te skryf.
7. Watter van die volgende beskryf die rol van entrepreneurskap in die produksieproses die beste?
- A Entrepreneurskap behels die fisiese arbeid wat nodig is om goedere en dienste te produseer.
 - B Entrepreneurskap verwys na die fisiese hulpbronne wat in die produksieproses gebruik word.
 - C Entrepreneurskap behels die vermoë om risiko's te neem en besluite te neem om die ander produksiefaktore bymekaar te bring.
 - D Entrepreneurskap verwys na die finansiële hulpbronne wat gebruik word om die produksieproses te finansier.
8. Watter een van die volgende is voorbeelde van ontasbare produksiefaktore?
- A Grond, arbeid en kapitaal.
 - B Tegnologie, kennis en vaardighede.
 - C Grondstowwe, masjinerie en toerusting.
 - D Geld, beleggings en finansiële hulpbronne.
9. Watter van die volgende is 'n voorbeeld van 'n nie-hernubare hulpbron?
- A Sonenergie
 - B Windenergie
 - C Natuurlike gas
 - D Water

DIE GEBRUIK VAN EKONOMIESE GOEDERE EN DIENSTE

10. Watter van die volgende is 'n voorbeeld van nie-duursame goedere?
- A 'n Yskas
 - B 'n Paar jeans
 - C 'n Brood
 - D 'n Slim-TV

- 11.** Watter van die volgende beskryf die term "verbruik" in ekonomie die beste?
- A Die produksie van goedere en dienste.
 - B Die verspreiding van goedere en dienste.
 - C Die gebruik van goedere en dienste.
 - D Die handel in goedere en dienste.
- 12.** Watter van die volgende stellings is waar oor die reële BBP?
- A Dit word bereken met behulp van huidige markpryse.
 - B Dit word aangepas vir inflasie.
 - C Dit sluit slegs die waarde van finale goedere en dienste in.
 - D Dit is altyd hoër as nominale BBP.
- 13.** As die nominale BBP van 'n land in 2021 R12 miljard was en die nominale BBP van die land in 2022 R14 miljard is, is die persentasieverandering _____.
- A $\frac{12 - 14}{14} \times \frac{100}{1}$
 - B $\frac{12 + 14}{14} \times \frac{100}{1}$
 - C $\frac{14 - 12}{12} \times \frac{100}{1}$
 - D $\frac{14 + 12}{12} \times \frac{100}{1}$
- 14.** Gestel 'n land se reële finale verbruiksbesteding aan gesondheidsorg het van een jaar na die volgende met 10% gestyg. Watter van die volgende het waarskynlik tot hierdie toename bygedra?
- A 'n Toename in die aantal hospitale en klinieke in die land.
 - B 'n Toename in die prys van gesondheidsorg.
 - C 'n Toename in die persentasie bejaardes in die land se bevolking.
 - D 'n Afname in die aantal mense wat deur private gesondheidsversekering gedek word.
- 15.** Watter van die volgende beleggings sal by bruto vastekapitaalvorming ingesluit word?
- A 'n Maatskappy wat sy werknemers se salarisse betaal.
 - B 'n Besigheid wat aandele in 'n ander maatskappy koop.
 - C 'n Vervaardiger wat nuwe masjinerie vir sy fabriek koop.
 - D Persone wat hul kredietkaartskuld afbetaal.

- 16.** 'n Land se bruto kapitaalkvorming is R500 miljoen en sy waardevermindering is R200 miljoen. Die BBP-deflator is 0,85. Hoeveel is die netto kapitaalkvorming?
- A R500 miljoen
 - B R300 miljoen
 - C R425 miljoen
 - D R225 miljoen
- 17.** Land A se verbruiksbesteding is R500 miljard, beleggingsuitgawes is R100 miljard, staatsbesteding is R200 miljard en netto invoer is R50 miljard. Wat is die BBP?
- A R600 miljard
 - B R750 miljard
 - C R800 miljard
 - D R850 miljard
- 18.** Watter van die volgende scenario's sal waarskynlik die grootste positiewe impak op BBP-groei hê?
- A 'n Afname in staatsbesteding.
 - B 'n Afname in beleggingsuitgawes.
 - C 'n Toename in netto uitvoer.
 - D 'n Afname in verbruikersbesteding.
- 19.** Produk X word in 'n winkel in Suid-Afrika verkoop en dit is belasbaar as 'n standaardkoers BTW-item. Aangesien dit 'n noodsaaklike item is, implementeer die regering 'n R10-subsidie op die produk. Die basiese prys van 'n produk (voor die subsidie en BTW) is R50. Bereken die markprys van die produk.
- A R50
 - B R57.50
 - C R47,50
 - D R46
- 20.** Watter een van die volgende is korrek ten opsigte van BBP en BNP?
- A BNP sluit alle goedere en dienste in wat binne 'n land se grense geproduseer word, terwyl BBP slegs dié insluit wat deur 'n land se burgers vervaardig word.
 - B BBP sluit alle goedere en dienste in wat binne 'n land se grense geproduseer word, terwyl BNP slegs dié insluit wat deur 'n land se burgers vervaardig word.
 - C BBP en BNP is dieselfde.
 - D BBP word gebruik om ekonomiese groei te meet, terwyl BNP gebruik word om ekonomiese aktiwiteit te meet.

EKONOMIESE STELSLS

- 21.** Watter een van die volgende is nie 'n ekonomiese stelsel nie?
- A Beplande stelsel.
 - B Gesentraliseerde stelsel.
 - C Gedesentraliseerde stelsel.
 - D Demokrasie.
- 22.** Watter een van die volgende is 'n kenmerk van 'n bevels- of beplande ekonomie?
- A Privaat eiendomsreg.
 - B Kompetisie word aangemoedig.
 - C Regeringsbeheer oor hulpbronne.
 - D Winsmotief.
- 23.** Wat is die grootste voordeel van 'n gemengde ekonomie?
- A Die regering kan ekonomiese aktiwiteite reguleer.
 - B Vryheid van keuse vir verbruikers.
 - C Winsaansporings vir entrepreneurs.
 - D Hulpbronne kan doeltreffend toegewys word.
- 24.** Gestel die regering van 'n land besluit om belasting op sigarette te verhoog om rook te ontmoedig. Watter tipe ekonomiese stelsel sal die land waarskynlik hê?
- A Tradisionele ekonomie.
 - B Markeconomie.
 - C Bevelseconomie.
 - D Gemengde ekonomie.
- 25.** Gestel 'n land het 'n bevelseconomie. Hoe kan die land oorgaan na 'n markeconomie?
- A Die regering moet alle besighede oorneem.
 - B Die regering moet geleidelik sy beheer oor die ekonomie verminder.
 - C Die regering moet subsidies aan alle besighede gee.
 - D Die regering moet belasting op alle besighede verhoog.
- 26.** Watter ekonomiese stelsel sal jy aanbeveel vir 'n land wat ekonomiese groei met sosiale gelykheid probeer balanseer?
- A Tradisionele ekonomie.
 - B Markeconomie.
 - C Bevelseconomie.
 - D Gemengde ekonomie.

DIE EKONOMIESE STRUKTUUR VAN SUID-AFRIKA

- 27.** Watter van die volgende stellings beskryf die ekonomiese struktuur van Suid-Afrika die beste?
- A Suid-Afrika is 'n lae-inkomste land met 'n hoofsaaklik agrariese ekonomie.
 - B Suid-Afrika het 'n gediversifiseerde ekonomie met 'n mengsel van landbou, vervaardiging en dienste.
 - C Suid-Afrika is baie afhanklik van olie-uitvoere vir sy ekonomiese groei.
 - D Suid-Afrika het 'n sosialistiese ekonomie met die regering wat alle ekonomiese aktiwiteite beheer.
- 28.** Wat is die rol van die Reserwebank in Suid-Afrika se ekonomie?
- A Om fiskale beleid in te stel en staatsbesteding te beheer.
 - B Om die bankbedryf te reguleer en finansiële stabiliteit te verseker.
 - C Om buitelandse beleggings en internasionale handel te bevorder.
 - D Om lenings en toelaes aan klein ondernemings en entrepreneurs te bied.
- 29.** Wat is die grootste uitdagings wat Suid-Afrika se ekonomie in die gesig staar?
- A Hoë vlakke van ongelykheid in inkomste, werkloosheid en armoede.
 - B 'n Gebrek aan natuurlike hulpbronne en infrastruktuur.
 - C Beperkte toegang tot wêreldmarkte en tegnologie.
 - D 'n Hoë inflasiekoers en 'n swak geldeenheid.
- 30.** Hoe kan 'n afname in staatsbesteding Suid-Afrika se ekonomie beïnvloed?
- A Dit kan lei tot 'n afname in die begrotingstekort en laer rentekoerse.
 - B Dit kan lei tot verhoogde ekonomiese groei en werkskepping.
 - C Dit kan lei tot hoër inflasie en 'n swakker geldeenheid.
 - D Dit kan lei tot verminderde verbruikersbesteding en stadiger ekonomiese groei.

#KiesUP

Maak jou toekomsdrome waar #KiesUP



Ons grade word **internasionaal** erken.



Ons **alumni** is baie gesog.



Ons het **ondersteuningsprogramme** om ons studente te help om suksesvol te wees.



Ons help om jou **voor te berei** op die **wêreld van werk**.

Jou toekoms maak saak.

www.up.ac.za/programmes



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Make today matter

www.up.ac.za

EKONOMIE

GRAAD 11

Olimpiade Vraestel

Ronde Twee

Punte: 30

Tyd: 1 uur

Datum: 04 Aug 2021

Instruksies

1. Vul antwoorde in op die ANTWOORDBLAD.
2. Onthou om jou persoonlike inligting volledig in te vul op die ANTWOORDBLAD.
3. Die ANTWOORDBLAD het 4 afdelings, maak seker dat jy die korrekte vak kies.
4. Elke vraag het 4 moontlike antwoorde (A B C D)
Slegs een antwoord is korrek.
Kleur die antwoord sirkel volledig in.
5. Sterkte!



PROVERTO EMS OLIMPIADE 2020 – GRAAD 11


EKONOMIE

RONDE 2

PRODUKSIEFAKTORE

1. Watter een van die volgende is nie 'n voordeel van hoër produktiwiteit nie?
- A Dit verseker die effektiewe benutting van beskikbare hulpbronne en verhoog die totale produksievolume en verlaag die produksiekoste.
 - B Dit verseker verhoogde lone aan werkers wat hul lewenstandaard verhoog.
 - C Dit verhoog die prys van goedere wat verkoop moet word en produkte van beter gehalte word aan verbruikers verskaf.
 - D Dit is uiters nuttig om algehele welvaart en groei van 'n ekonomie te bewerkstellig.
2. Watter een van die volgende is 'n vorm van diskriminasie in die arbeidsmark?
- A Wanneer werkers met dieselfde opleiding, ervaring en vaardigheid, verskillende lone betaal word weens ras, geslag, godsdiens, ouderdom of ongeskiktheid.
 - B Wanneer werkers met dieselfde opleiding, ervaring en vaardigheid dieselfde lone betaal word, ongeag ras, geslag, godsdiens, ouderdom of ongeskiktheid.
 - C Wanneer werkers met dieselfde opleiding, verskillende lone betaal word op grond van hul ervaring en vaardigheid.
 - D Wanneer sommige werkers met dieselfde opleiding, ervaring en vaardigheid verskillende lone betaal word, weens die verskillende vlakke van bestuur en verantwoordelikheid wat hulle in die werkplek het.

Bestudeer die volgende grafiek wat verskuiwings in die arbeidsmark voorstel voordat u vrae 3 en 4 beantwoord.



3. Die verandering in die loonkoers van W1 na W2 is die gevolg van:
- A 'n verandering in die produktiwiteit van arbeid.
 - B 'n afname in die vraag na arbeid.
 - C 'n verandering in demografiese faktore, soos migrasie, en veranderinge in die ouderdomstruktuur van die bevolking.
 - D Onmoontlik om te sê, aangesien die verandering in die aanbodkurwe vir arbeid weggelaat is.

4. Watter een van die volgende sal veroorsaak dat die aanbodkromme van arbeid na links skuif?
- A Die aftree-ouderdom van werkers word met 3 jaar verhoog.
 - B Minder mense het die vorige jaar migreer.
 - C 'n Afname in die prys van arbeid.
 - D 'n Verlaging in arbeidskoste as gevolg van 'n subsidie.

DIE GEBRUIK VAN EKONOMIESE GOEDERE EN DIENSTE

5. Jenny neem haar beste vriendin Mary om koffie te drink en koek te eet by 'n plaaslike delikatesse. Jenny betaal die rekening. As sodanig word die koffie en koek wat deur Mary verbruik word, gesien as _____ goedere.
- A verbruiks-
 - B beleggings-
 - C nie-uitsluitbare
 - D nie-mededingende
6. Die BBP-deflator meet die veranderinge in die:
- A kwaliteit van al die goedere en dienste wat in 'n ekonomie geproduseer word.
 - B pryse van al die goedere en dienste wat in 'n ekonomie verbruik word.
 - C hoeveelheid geproduseer van al die goedere en dienste wat in 'n ekonomie geproduseer word.
 - D pryse van al die goedere en dienste wat in 'n ekonomie geproduseer word.
7. Die volgende inligting is uit die nasionale rekeninge van Land Imaginery geneem:

	Rm
Vergoeding van werknemers	420 000
Netto bedryfsurplus	240 000
Verbruik van vaste kapitaal	110 000
Belasting op produksie	16 000
Produkiesubsidies	2 000
Belasting op produkte	84 000
Subsidies op produkte	5 000

Uit die gegewe syfers kan die volgende in Rm bereken word.

	BRUTO TOEGEVOEGDE WAARDE TEEN FAKTORKOSTE	BRUTO TOEGEVOEGDE WAARDE TEEN BASIESE PRYSE	BBP TEEN MARKPRYSE
A	770 000	784 000	863 000
B	70 000	84 000	163 000
C	770 000	756 000	677 000
D	550 000	629 000	708 000

8. Die BBP van Suid-Afrika kan die beste beskryf word as:
- A die toename of afname in die persentasie ekonomiese produksie in maandelikse, kwartaallikse of jaarlikse periodes.
 - B die veranderinge in die ekonomiese produksie en groei van 'n volk se inwoners.
 - C die potensiële produksiegrootte in 'n ekonomie wanneer daar 'n ideale ekonomiese toestand met 100% indiensname in alle sektore, bestendige geldeenheid en stabiele produkpryse bestaan.
 - D die geldwaarde, in plaaslike geldeenheid, van alle finale ekonomiese goedere en dienste wat gedurende 'n spesifieke tydperk in 'n land geproduseer word.

SUID-AFRIKA SE GEMENGDE EKONOMIE

9. Watter van die volgende is ('n) voorbeeld(e) van arbeidsverdeling?

Voorbeeld 1 – Handel tussen nasies.

Voorbeeld 2 – 'n Mode handelsmerk kontrakteer produksie en logistiek uit na vennootmaatskappye.

Voorbeeld 3 – 'n Produksieproses word as 'n reeks werkstasies uitgevoer.

Voorbeeld 4 – 'n Produk word vervaardig deur een werker wat toegewys is aan die produksie daarvan.

- A Al die voorbeelde.
 - B Voorbeelde 1, 2 en 3.
 - C Voorbeelde 2 en 3.
 - D Slegs voorbeeld 4.
10. Land Z het 'n suiwer kapitalistiese ekonomiese stelsel.
- Dit beteken dat:
- A Land Z staatmaak op eksternaliteite om die ekonomiese probleem op te los.
 - B hulpbronne in Land Z toegeken word deur die wisselwerking tussen vrye en selfregulerende markkragte.
 - C die regering van Land Z rig of beveel dat bronne op spesifieke maniere gebruik moet word.
 - D Land Z staatseienaarskap van die produksiemiddele bepleit.
11. Watter een van die volgende is waar ten opsigte van monopolistiese markte en perfekte mededinging ?


	MONOPOLISTIESE MARKTE	PERFEKTE MEDEDINGING
A	Klein aantal klein ondernemings.	Groot aantal groot ondernemings.
B	Goedere wat geproduseer word, is soortgelyk, maar nie dieselfde nie.	Goedere wat geproduseer word, is identies.
C	Hindernisse tot toegang tot die mark bestaan nie.	Daar bestaan hindernisse vir toegang tot die mark.
D	Verbruikers kan kies waar om die produk te koop.	Verbruikers het geen keuse waar om die produk te koop nie.

12. Die marksoort waar alle ondernemings produkte verkoop wat so identies is dat kopers nie omgee by watter firma hulle koop nie, staan bekend as:
- A perfekte kompetisie.
 - B oligopolie.
 - C monopolistiese kompetisie.
 - D monopolie.

DIE EKONOMIESE STRUKTUUR VAN SUID-AFRIKA

Beantwoord vrae 13 tot 17 gebaseer op hierdie inligting.

Die sirkeldiagram hieronder toon die ekonomiese struktuur van Suid-Afrika vir die jaar 2015. Data is gebaseer op konstante pryse en BBP teen 2010 teen basiese pryse.



Bron: <https://www.southafricanmi.com/southafrica.html>

13. Die grafiek toon gegewens gebaseer op **konstante pryse** van 2010 en BBP teen **basiese pryse**. Watter een van die volgende is nie die korrekte verklaring van wat hierdie begrippe beteken nie?
- A 2010 is gekies as die basisjaar en die produksie van 2011–2015 is gemeet aan die prysvlak vir 2010; belasting en subsidies is ook in aanmerking geneem en uitgesluit van die berekening.
 - B Enige nominale verandering in produksie van 2015 is uitgesluit. Dit maak 'n vergelyking van die werklike goedere en dienste wat in 2015 geproduseer is, moontlik. Belasting en subsidies is uitgesluit van die berekening.
 - C Die 2015-pryse word vermenigvuldig met die 2010-jaarhoeveelhede om die konstante waarde te kry en dan word subsidies en belasting by die nominale syfer gevoeg.
 - D Die effek van inflasie is uitgeskakel en belasting en subsidies is uitgesluit.
14. Watter een van die volgende dui die uiteensetting van die ekonomiese struktuur van Suid-Afrika vir 2015 aan?

	PRIMÊRE SEKTOR	SEKONDÊRE SEKTOR	TERSIÊRE SEKTOR
A	6.19%	41.39%	52.42%
B	10.85%	35.07%	54.08%
C	10.85%	19.99%	69.16%
D	13.30%	32.62%	54.08%

15. Persoonlike dienste was 5.74% in 1994 en 5.87% in 2015.

Die toename is:

- A 22,6%.
- B 13%.
- C 0,13 persentasiepunte.
- D 13 persentasiepunte.

16. Volgens die artikel *South Africa's Economic Structure from 1994 to 2015*, het die vervaardigingsektor geleidelik afgeneem.

Watter een van die volgende is die mees waarskynlike oorsaak vir hierdie afname?

- A 'n Toename in die aantal veiligheidsreëls en veiligheidsregulasies wat deur die regering aan die vervaardigingsektor opgelê word.
- B Toenemende insetkoste, insluitend arbeidskoste, vir die ontginning van goud en ander minerale.
- C 'n Afname in die aanbod van beskikbare krediet vir verbruikers sowel as vervaardigers.
- D Toenemende internasionale handel het daartoe gelei dat meer goedere ingevoer word en daar kleiner vraag na plaaslik vervaardigde goedere is.

